# GETUIES IN DIE WERKPLEK

HAND 4:1-22

INLEIDING
Dit is vandag ARBEIDSONDAG. Ons wil graag vandag dank en erkenning gee aan al die werkers wat die land gebring het waar hy is en wat nog steeds die wiele aan die rol hou.

1. ONS WORD DAARHEEN "BEROEP"
Vir christene ("Paasmense") is werk meer as net 'n manier om 'n bestaan te maak. Jou beroep is vir jou 'n **roeping.** Jy beskou en benader dit as *van God* – dat Hy jou geroep het om dit te doen. Jy is daarheen *be-roep*. Daarom doen jy dit in die eerste plek **vir Hom** en nie vir mense nie. Vir jou is dit 'n **geleentheid** om jou roeping wat jy met alle ander mense in gemeen het, nl om *tot eer van God* te leef en so 'n *getuie* vir Hom te wees, uit te leef. Jy wil dus *Sondag se erediens* Maandag by die werk voortsit. Dit kan nooit 'n geval wees dat Sondag dien ek die Here, maar van Maandag tot Saterdag dien ek Mammon nie. Dieselfde beginsels wat Sondag geld, geld ook Maandag tot Saterdag.

2. DIS 'N UITDAGENDE OMGEWING
Die omgewing waarin ons die Here dien, is meestal net baie **meer uitdagend** by die werk as by die kerk. Daar bevind ons ons nie net tussen mede christene nie, maar ook mense van *ander gelowe* en *ongelowiges*. Daar mag kollegas wees wat ons geloof *bevraagteken* of *bespot* of dit selfs *teen ons hou*. Dit is nie maklik om jou getuienis onder sulke omstandighede uit te leef nie. Maar ek is seker ons kan almal moed en inspirasie put uit die **voorbeeld van Petrus en Johannes**.
Hulle het hulle ook in 'n uiters onvriendelike en intimiderende omgewing bevind. Voor hulle het die **Joodse Raad**, die Sanhedrin, in 'n halfmaan gesit om hulle te verhoor. Hulle was 'n klomp baie vername manne. Dit was die *hoogste regsprekende en godsdienstige liggaam* van die Jode. Daarteenoor was die **twee apostels**, soos die Raadslede tereg opgemerk het, eenvoudige, ongeleerde manne. Volgens hullle het die twee apostels tot die *laagste groepering van die Joodse samelewing* behoort, tot die sogenaamde *"volk van die land"* soos daar beledigend na hulle verwys is. Hulle was wat ons miskien sou noem sommer 'n paar plaasjapies! Hulle moes nou hulle getuienis voor so 'n *uitgelese*, maar erger nog, *vyandige* gehoor lewer.
Wat was hulle **oortreding?** Waaroor het die hele ondersoek nou eintlik gegaan?

Wel, Petrus het die vorige dag ‘n **verlamde man genees**, so lees ons in die vorige hoofstuk. Die lamme het van hulle geld gebedel en toe het Petrus mos vir hom die bekende woorde gesê: *“Geld het ek nie, maar wat ek het, gee ek vir jou: in die Naam van Jesus Christus van Nasaret, staan op en loop!”* En toe loop hy! (:6) Daarna het Petrus ‘n **preek** afgesteek waarin hy getuig het oor Jesus se *opstanding* en die mense opgeroep het tot *bekering*. Dit wat hy gesê het, is wat ons ook glo.
Hulle boodskap het egter nie by almal byval gevind nie – vers 2 *“Die priesters en die ander was onthuts omdat die apostels die mense geleer het en verkondig het dat die opstanding uit die dood deur Jesus se opstanding ‘n werklikheid geword het.”* Hulle gaan selfs sover as om hulle gevange te laat neem.
Die volgende oggend word hulle toe verhoor.

Dit was dan die **atmosfeer en omstandighede** waarin hulle hul getuienis moes lewer. As jy dus gedink het dis moeilik daar waar jy werk, onthou maar hierdie twee!
**Die vraag** wat hulle moes beantwoord, was: *“Deur watter krag en in wie se naam het julle dit gedoen?”* (7) Die Joodse Raad is as die verteenwoordigers van God beskou. Hulle was die mense met **die gesag**. Die dissipels het nie deur hulle gewerk nie. Hulle het nie met hulle gesag opgetree nie. Waar het hulle die gesag en die reg vandaan gekry om die lamme te genees?
Dit was **dieselfde vraag** wat hulle meermale aan die Here Jesus gestel het. Party het sover gegaan om te beweer dat Hy sy krag by Beëlsebul kry (Matt 12).
**Die vraag het die apostels glad nie ontsenu nie, inteendeel: Hulle gryp die kans aan**. Hierdie vraag gee aan hulle ‘n *ideale geleentheid* om hul getuienis te lewer. En hulle doen dit **met soveel** vrymoedigheid en soveel oortuiging dat hulle uitgelese gehoor nie hul verbasing kon wegsteek nie. As **ons ook maar** in ons werksomgewings so kan getuig!

3. WAT IS NODIG
Wat was hulle **geheim?**
3.1 Eerstens sien ons hier hoedat **Jesus se belofte aangaande die Heilige Gees bewaarheid word.** Hy het hulle mos belowe dat hulle nie voor die tyd bekommerd moes wees oor wat hulle moes sê nie, want die Heilige Gees sal aan hulle die **woorde** gee (Matt 10:17-20). Hy sal hulle ook die **krag** gee om getuies te wees (Hand 1:8). Hulle het net eenvoudig hul mond oopgemaak en begin praat en die Heilige Gees het die woorde op hul tong gelê. **Hulle raad aan ons** sal seker wees: As die geleentheid daar is - vertrou die Heilige Gees, maak net jou mond oop en begin praat!

3.2 Tweedens het hulle gepraat oor dinge wat vir hulle **bekend** was, waarvan hulle **eerstehands oortuig** was. Hulle het Jesus persoonlik geken. Hulle was **Paasmense** – oortuig dat Hy lewe en IN hulle lewe en DEUR hulle lewe. Dit was dus HY wat die wonder laat gebeur het. Die **opstanding** waarvan hulle gepraat het en die leiers so onthuts het, was vir hulle nie net ‘n teorie nie, maar ‘n werklikheid.
En dis **belangrik:** Dat ons getuienis *deurleef* sal wees. Dat ons sal kan *vertel* wat Jesus vir ONS beteken. Dat ons ook *‘n persoonlike, lewende* verhouding met die Here Jesus sal hê. As jy nie NOU vir die persoon langs jou sal kan sê wat dit vir jou beteken om in Jesus te glo nie, gaan dink daaroor totdat jy dit in ‘n paar sinne sal kan doen.
3.3 Derdens was die apostels tog ook in staat om wat hulle glo, **duidelik en bondig te kon verwoord**. Die tyd wat hulle saam met Jesus deurgebring het, het sekerlik daarmee gehelp.
Ja, ons moet die Heilige Gees **vertrou** dat Hy ons die regte woorde sal gee; ja, ons **eie ervarings** is ‘n belangrike deel van ons getuienis, maar ons moet ook **onsself toerus en voorberei** om rekenskap te kan gee van die hoop wat in ons is (1 Petr 3:15). Die Here het ons nie verniet **die Bybel** gegee nie. Dit is ons wapen in aanval en verdediging – “*dit het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en ‘n rege lewenswyse te kweek…”* (2 Tim 3:16) Ek sal **aanbeveel** dat ons almal elke dag minstens een hoofstuk uit die Bybel lees en dan een vers of gedagte daaruit die res van die dag met ons saamneem om aan te *herkou*, met iemand *te deel* of te gaan *doen*. Skryf dit neer, as jy wil. Elke **Sondag se erediens** is ook ‘n geleentheid om beter toegerus te raak uit die Woord. Maar dan moet ek aandag gee, so dat ek dit na die tyd sal kan gaan *uitdra en uitleef*. Hoeveel van ons gaan lees iewers in die week weer Sondag se Skrifgedeelte en probeer weer van die gedagtes daaruit onthou? U kan dit gerus begin doen as dit nie u gebruik is nie.

4. GEBRUIK VRAE AS GELEENTHEDE
**Die geleentheid** om ons geloof te verduidelik en om ‘n persoonlike getuienis te lewer is natuurlik nie altyd daar by die werk nie. Daar word **nie preekbeurte** uitgedeel nie! **Die apostels** was gelukkig dat die vraag aan hulle gestel is. Ek is seker hulle het dit verwelkom, eerder as gevrees. Maar dit was nadat hulle optrede die aandag getrek het.
Dis ook hoedat ons **sendelinge** in baie lande te werk moet gaan. Hulle mag nie die evangelie verkondig, preek en Bybelstudies hou nie. Hulle mag wel hulle geloof verduidelik wanneer hulle daarom gevra word. Hulle doen dus gewone werke, maar met die gebed en in die hoop dat mense by hulle navraag sal doen oor wat hulle as christene glo.

**Watter vrae ontlok ek en jy by ons werkplekke?** Sien mense by ons iets wat hulle *laat wonder*? Ek praat nou nie van vrae soos "Hoe kry jy dit reg om so maer te bly?' of "Waar laat jy jou hare doen?" nie!
Sal dit nie wonderlik wees as as hulle begin wonder en vra: "Hoe kry sy dit reg om *nooit sleg* van ander te praat nie, nooit saam *te skinder* nie? Hoe kry hy dit reg om soveel *selfbeheersing* te hê? Hoekom hoor jy hom *nooit vloek of vuil grappe* vertel nie? Hoe kry sy dit reg om *te vergewe*? Wat maak haar so *bedagsaam en hulpvaardig*? Waarom sal hy nooit *oneerlik wees of ontrou* aan sy vrou nie? Hoekom is hy nie so *rassisties, negatief, bekommerd* soos ons ander nie?"
Wanner ander jou hierdie soort vraag vra, **gebruik dit** as 'n geleentheid om *die eer* aan die Here Jesus te gee. Gebruik dit as **'n aanknopingspunt** om jou getuienis te gee.

5. WEES EERLIK
Ons sien uit die voorbeeld van die apostels dat so 'n getuienis nie altyd **vriendelik en positief ontvang** sal word nie. Dit was egter nie vir hulle die *belangrikste nie*, maar dat die evangelie onvervals gehoor moes word. Hulle moes eenvoudig aan God *meer gehoorsaam* wees as aan mense. Hierdie uitspraak was sekerlik vir die Joodse Raad **'n skok**, want hulle het hulle dan juis as God se verteenwoordigers beskou!
Daar is altyd in die werkplek die **versoeking om kompromieë** aan te gaan twv die vrede en goeie verhoudinge – veral met die base. Dit is **oneerlik**. 'n Mens kan egter sê wat jy glo *sonder om aanvallend* te wees. Tree altyd *in liefde* op. Al stem ander nie met jou saam nie, behoort hulle jou standpunt nog altyd **te respekteer**. Dit is ook wat *ons houding* teenoor ander wat van ons verskil behoort te wees. Vir elke christen is dit wat hier in :12 staan ononderhandelbaar: *"Hy (Jesus) bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie."*
Ons is nie **onvriendelik of liefdeloos of verwaand** as ons dit getuig nie. Dit is wat die Bybel sê. Dit is wat ons op grond van die Bybel glo. Ons kan nie ander dit *maak glo* of *verwyt* as hulle dit nie wil glo nie, maar ons kan nogtans vir hulle **bid** dat hulle dit ook sal glo. En dis wat ons **behoort** te doen wat ons kollegas by die werk betref wat nie christene is nie. Dra hulle gereeld aan die Here op, sommer by name. Kom ons probeer ander se **respek** deur ons optrede afdwing. Soos 'n nie-christen glo gesê het: *"My probleem is nie dat julle sulke goeie christene is nie, maar dat julle sulke SWAK christene is."*

SAMEVATTING
Geliefdes, ons bring 'n **groot deel van ons lewe** by ons werk deur. Dalk is daar mense wat nooit in '*n kerk* kom of selfs die *Bybel lees* nie, wat

geen ander *christene ken* as vir jou nie. JY is hul **venster** op die kerk, die Bybel en christenwees. Watter **verantwoordelikheid** is dit nie, maar ook watter **geleentheid**!

Amen
2009/05/03